STELLENBOSCH UNIVERSITY · IYUNIVESITHI · UNIVERSITEIT

MATIES SPORT

# JAARVERSLAG 2025

## Ons vier uitnemendheid



# **ONS** VISIE

Om die leidende universiteit te wees en by te dra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport.

# **ONS** MISSIE

Om uitnemendheid te kweek in sowel die akademiese as sportprestasies van talentvolle studente-atlete en om sosiale kohesie en betrokkenheid te bevorder vir 'n aktiewe lewenstyl onder alle personeellede en studente.

# **ONS** STRATEGIESE DOELWITTE

- Om studente-atlete te ondersteun deur die lewering van 'n holistiese hoëprestasieprogram van wêreldgehalte.
- Om toegang tot 'n diverse rekreasie- en aktiewe lewenstylprogram te verskaf.
- Om 'n diverse omgewing te kweek wat ooreenstem met institusionele prioriteite.
- Om 'n volhoubare leweringsmodel na te streef wat deur ons professionele steundienste ondersteun word.
- Om sportverwante navorsing, onderrig en leer, en sosiale-impakaktiwiteite te ondersteun deur die Sentrum vir Sportleierskap en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1 | VINNIGER, HOËR EN STERKER SAAM | bl2 |
| 2 | ONS DRA BY TOT 'N BETEKENISVOLLE STUDENTE-ERVARING | bl3 |
| 3 | 2025 MATIES SPORT-MYLPALE | bl4 |
| 4 | ONS GLOBALE STERRE | bl6 |
| 5 | TOPPRESTEERDERS OP NASIONALE EN STREEKSVLAK | bl10 |
| 6 | ONS BELOON UITNEMENDHEID | bl14 |
| 7 | 'N FLORERENDE STUDENTE-ERVARING DEUR SPORT | bl16 |
| 8 | VOLHOUBARE BESIGHEIDSMODEL | bl18 |
| 9 | BETEKENISVOLLE VENNOOTSKAPPE | bl19 |
| 10 | NAVORSING VIR IMPAK | bl20 |
| 11 | ONS VERBIND MET ONS GEMEENSKAPPE | bl21 |
| 12 | VOORKEURWERKGEWER | bl22 |

# 1 Vinniger, hoër en Sterker Saam

Ek voel geëerd om Maties Sport uit 'n nuwe perspektief as waarnemende Bedryfshoof te sien. Ek het nog altyd ons studente-atlete ondersteun, en nou het ek die kans om meer betrokke te wees en Maties Sport te ondersteun. Wat ek die treffendste vind, is die trots, samehorigheid en uitnemendheid wat ons #MaroenMasjien definieer. Hierdie eienskappe is die sleutel tot dít wat die Universiteit Stellenbosch-ervaring so spesiaal maak.

Ek is beïndruk deur hoe ons studente-atlete suksesvol topvlaksport met sterk akademiese uitslae balanseer. Dis hierdie balans wat Maties Sport betekenisvol maak. Ons is vanjaar veral trots op ons studente-atlete se akademiese prestasies. In agt sportkodes het hulle 'n indrukwekkende kredietslaagsyfer van 85% behaal, en 28 studente-atlete het 'n gemiddelde van 75% of hoër bereik. Hierdie uitslae wys talent, dissipline en veerkragtigheid, asook die Maties Sport-ekosisteem wat ons studente-atlete ondersteun om sukses op én weg van die veld af te behaal. 2025 het verdere sukses in kompetisies gesien. Die 42 medaljes wat by USSA verower is en nasionale verteenwoordiging wat in nege sportsoorte behaal is, is merkwaardige prestasies wat te danke aan die toegewydheid van ons sportsterre, afrigters en steundienspersoneel bereik is. Ek is ook geïnspireer deur die groei in studentedeelname aan sport- en rekreasie-aktiwiteite.

Dié groei dra by tot 'n dinamiese, gesonde en verbonde gemeenskap. Die feit dat ons ons platinum-sertifisering as 'n gesonde kampus deur FISU behou het, demonstreer ons verbintenis tot 'n gesonde kampus. Om hierdie groei vol te hou, gaan ons voort om inkomstediversifisering te versterk en ons inisiatiewe voortdurend te verbeter.

Maties Sport ondersteun ook navorsing, innovasie en vennootskappe. Die Sentrum vir Sportleierskap en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak, tesame met internasionale samewerkingsgeleenthede, toon die groter impak van Maties Sport, en ons Universiteit se fokus op leer, groei en om 'n verskil in die samelewing te maak.

In hul wese is Maties Sport se fokus op mense, doelwitte en moontlikhede – en om 'n plek te skep waar studente kan groei, voel dat hulle behoort, en hul volle potensiaal kan bereik. Hier koester ons ons waardes, bou ons blywende vriendskappe en skep ons 'n blink toekoms.

Ek bedank opreg ons studente-atlete, afrigters, personeel, vennote en ondersteuners. Jul passie en toegewydheid is 'n bron van trots vir almal by die Universiteit Stellenbosch.

Saam vorentoe (vinniger, hoër en sterker)!

**Prof Nicola Smit**
Waarnemende Bedryfshoof
Universiteit Stellenbosch



# 2 Ons dra by tot 'n betekenisvolle studente-ervaring

2025 was 'n jaar van konsolidasie, nabetragting en voortgesette vooruitgang vir Maties Sport. Ons dink deur die loop van hierdie verslag na oor ons prestasies, en wat veral uitstaan is die krag van ons gesamentlike verbondenheid en toewyding – van ons studente en personeel tot ons klubs, vennote en die breër gemeenskap.

Ons het saam voortgebou aan 'n omgewing waarin sport betekenisvol bydra tot ons studente-ervaring, welwees en institusionele impak. Bo en behalwe uitslae, het die jaar ons in staat gestel om dieper na te dink oor hoe ons werk, hoe ons lei en hoe ons sport binne die groter universiteitkonteks posisioneer. Dit het die belang versterk van sterk bestuur, duidelike verantwoordbaarheid en die noodsaaklikheid om ons daaglikse werk in ooreenstemming te bring met 'n langtermyn-strategiese visie.

Soos ons vorentoe kyk na 2026, is ons fokus op die vorming van die volgende vyf jaar van Maties Sport deur 'n gevorderde, geïntegreerde en volhoubare benadering. Die kern hiervan is ons ambisie om 'n holistiese sport- en welweesekosisteem verder te ontwikkel deur meer te belê in ons kampus-, rekreasie- en aktiewelewenstylprogramme. Ons doel is om 'n sportprogram aan te bied wat hoëprestasiesukses met breëvlakdeelname balanseer, terwyl ons die rol van sport versterk in die ondersteuning van studente-sukses en -samehorigheid.

**Ons het vyf strategiese areas geïdentifiseer, gerig deur ons visie en strategiese doelwitte. Dit is:**

- die bevordering van akademiese en sportuitnemendheid;
- die versterking van bestuur en kollektiewe verantwoordbaarheid;
- die verbetering van finansiële volhoubaarheid en vennootskappe;
- die uitbreiding van deelname en welweesgeleenthede; en
- die inbedding van datagedrewe besluitneming op alle vlakke van die organisasie.

Daar sal in 2026 en daarna van ons vereis word om anders te werk, met groter samewerking, duidelikheid van rolle, en 'n gedeelde begrip van ons gesamentlike verantwoordelikheid. Dit is deur hierdie belyning dat ons sal aanhou om te ontwikkel en seker te maak dat Maties Sport relevant bly en steeds 'n impak maak.

Ons sien uit daarna om in die toekoms op hierdie grondslag te bou. Ek wens ons studente-atlete, spanne en personeel 'n suksesvolle jaar toe, ter bevordering van die #MaroenMasjien.

**Ilhaam Groenewald**
Hoofdirekteur, Maties Sport



# 3 2025 Maties Sport-mylpale

*Maties het in 2025 altesame 77 sportgeleenthede aangebied en amper 'n halfmiljoen deelnemers gelok – hetsy op die veld of op die pawiljoen. Deur alle fasiliteite by die Coetzenburg-sportgronde te benut, het die geleenthede veelvuldige sportkodes betrek en diens gelewer aan verskeie belanghebbers, die gemeenskap, federasies, korporatiewe instellings, die Universiteit Stellenbosch en rolprentvervaardigingkliënte.*

## Swem

Maties Swem het die water laat spat toe hulle as gasheer opgetree het vir die 2025 USSA-kompetisie oor drie dae vir 120 swemmers; die Kaapse Wynland-liga se galakompetisie vir 160 swemmers; en die Kaapse Wynland Senior-ligakompetisie vir 270 swemmers.

## Krieket

Maties Krieket se posisie as 'n vername krieketgasheerterrein is verder versterk en die klub se vermoë om wedstryde aan te bied is weer eens gedemonstreer toe ons Suid-Afrikaanse universiteitspanne vir die USSA-kompetisie verwelkom het, asook Engeland se o.19-toerspan.

## Maties Hokkie **rol die groen kunsgrasmat uit**

Dit was 'n besige jaar vir Maties Hokkie, wat drie groot toernooie aangebied het en jeug, liga- en internasionale spanne verwelkom het by ons indrukwekkende fasiliteite met drie watergebaseerde hokkiekunsgrasvelde en spreiligte.

Vir die jeug het Maties Hokkie 'n o.13-toernooi oor twee dae aangebied wat 36 spanne en 500 spelers gelok het, asook 'n juniorsomerliga waaraan 55 spanne en 420 spelers deelgeneem het. Die jaarlikse USSA-toernooi het Suid-Afrikaanse universiteite se beste spelers na Stellenbosch gebring en talle toeskouers gelok.

Internasionale geleenthede het 'n toetswedstryd tussen Indië en Suid-Afrika ingesluit wat deur meer as 1 000 toeskouers bygewoon is.

Verskeie internasionale spanne het ook Maties se hokkiefasiliteite as hul oefengronde gekies, waaronder Duitsland se manspan (vierde op die wêreldranglys) en Indië se manspan (agste op die wêreldranglys). Maties Hokkie het ook die San Albano-klub (Argentinië), Champagnat-klub (Argentinië), die Koninklike Infanteriekorps (Verenigde Koninkryk) en Ursinus College (Verenigde State) by hul wêreldklasfasiliteit verwelkom.




*Die SA Manshokkiespan in aksie teen Indië.*




# **Maties Rugby se 150** jaar-vieringe

Die Maties Rugbyklub het in 2025 hul 150ste bestaansjaar gevier – 'n beduidende mylpaal in Suid-Afrika se rugbygeskiedenis. Die klub, wat in 1875 gestig is met 'n wedstryd wat op Die Braak gespeel is – met 'n ronde bal – het gegroei tot die grootste mededingende rugbyklub in die suidelike halfrond. Met meer as 900 geregistreerde spelers in 36 verskillende spanne, bly Maties Rugby sentraal tot studenterugby in Suid-Afrika, met spelers wat dwarsdeur die jaar deelneem aan ligas wat steeds 'n sterk en lojale aanhangergroep lok. Die Kampusrugby-program bly die hoeksteen van ons sukses, met 1 098 spelers wat in 2025 daaraan deelgeneem het, ondersteun deur toegewyde aanhangers wat in alle toestande langs die veld was.

Die tema – *'n Erfenis wat inspireer* – is deurgedra na die ses FNB Varsitybeker-tuiswedstryde, die USSA-sewestoernooi, die wedstryd tussen 'n Maties-uitnodigingspan en die VSA o.23-span, 'n besoek van die Universiteit van Virginië (mans en vroue) en 'n vriendskaplike o.20-wedstryd teen Kenia.
Die FNB Varsitybeker-rugbykompetisie, wat al deelgeword het van die Universiteit Stellenbosch se verwelkomingstradisie, het weer eens vol pawiljoene gelok in die Danie Craven-stadion vir elk van die ses tuiswedstryde wat in 2025 vir die mans-, vroue- en Young Guns-span aangebied is – waarvan 'n hele paar regstreeks op TV uitgesaai is.

Maties Rugby het ook 'n suksesvolle USSA-rugbyseweskompetisie aangebied waaraan 350 spelers deelgeneem het, aangemoedig deur 1 500 toeskouers. Die befaamde Danie Craven-stadion is opgeknap met spesiale erfenismuurkuns om die storie van die klub wat tot dusver 187 Springbokke opgelewer het, te verewig.

## Atletiek



Coetzenburg se atletiekstadion is legendaries vir die baie wêreldkampioene wat al sedert 1932 hulself op die baan getoets het. In 2025 het Maties Atletiek vyf skoolgeleenthede, twee korporatiewe geleenthede, een filmopname en drie fotosessies aangebied in die opgegradeerde wêreldklasfasiliteit. Internasionale atlete van die Verenigde Koninkryk, Nederland, Skandinawiese lande, Tsjeggië, Oostenryk, Slowakye, Estland, Switserland, België, Duitsland, Kroasië en Saoedi-Arabië se Olimpiese en Paralimpiese spanne het teruggekeer vir oefenkampe in Stellenbosch.

# 4 Ons globale Sterre

*Wanneer ons oor 2025 nadink, dink ons met trots aan die ongelooflike Maties-studente-atlete wat uitgeblink het om die universiteit en land in atletiek, hokkie, rugby, basketbal, para-atletiek, e-sport, tennis en roei te verteenwoordig. Altesame 163 Maties-studente-atlete het Suid-Afrika internasionaal verteenwoordig.*

## Ons studente-atlete **het hulself bewys** met **podiumposisies:**

- Die FISU Wêreluniversiteitespele in Duitsland (roei, atletiek, tennis);
- o.21 Spar Baba-Proteas in Suid-Afrika se globale netbalveldtog;
- Hokkienasiesbeker in Pole;
- In para-atletiek by die Wêreldkampioenskapsbyeenkoms in Indië;
- As Blitsbokke in die HSBC Wêreldrugbysewesreeks;
- As Springbokke in die 2025 o.20 Wêreldrugbykampioenskap; en
- Sewe atlete (en drie personeellede) by die Afrika-spele.

## **Para-atleet** wen goud in internasionale kompetisie

Simoné Kruger, 'n studente-atleet in haar eerste jaar, kon nie 'n beter jaar beleef het in 2025 nie! Die Paralimpiese atleet (gewigstoot en diskus in die F38-klassifikasie) het haar wêreldtitel in die vrouediskusitem verdedig by die 2025 Wêreld Para-atletiekkampioenskap in Nieu-Delhi, Indië. Om haar uitstekende prestasies te kroon, het Simoné die toonaangewende toekennings van Junior Sportster van die Jaar en Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid by die Suid-Afrikaanse sporttoekennings ontvang. Sy is ook as Maties Sport se Sportvrou van die Jaar (Parasport) en die gsport Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid aangewys.




*Simoné Kruger*

## Rasieleiers presteer nasionaal en internasionaal

Maties Sport se rasieleiers ("cheerleaders") het indrukwekkende oorwinnings in 2025 behaal, met twee goue medaljes en twee silwermedaljes in die nasionale kompetisie en twee goue medaljes in die Internasionale Rasieleierunie se kompetisie.



# Roei-, tennis- en atletieksterre by die **Internasionale Universiteitsportfederasie (FISU) se kompetisie**

Altesaam agt studente-atlete in drie sportkodes, sowel as een afrigter, is gekies om die Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-) span in Julie 2025 by die FISU Wêrelduniversiteitespele in Rhine-Ruhr te verteenwoordig. Vyf van dié studente is van Maties Roei – die eerste internasionale verteenwoordiging vir Maties se roeiklub.

Die Maties-roeier Isabella Bruce het Suid-Afrika in Oktober by die 2025 Afrika Strandrenkampioenskap in KuGompo City (Oos-Londen) verteenwoordig. Sy het aan die o.23 gemengde dubbels deelgeneem saam met Lisakhanya Mqalo, en die paar het sesde gekom in die kompetisie. Sy het ook in November aan die 2025 Statebond-roeivereniging se strandrenkampioenskap in Barbados deelgeneem. Maties-tennisspelers Jason Fogle en Erine Lategan was trots op hul verkiesing vir Span SA, en so ook Maties se paalspringatleet Miré Reinstorf.



# Hokkie

Maties-hokkiespelers het Suid-Afrika in verskeie kompetisies verteenwoordig.

Hans Neethling (mans), sowel as Caylin Maree, Jeanri Thomas en Ongeziwe Mali (vroue) is gekies vir die SA Senior Afrikanasiesbeker-span, en Daniella de Oliveira en Mali was ook deel van die SA seniorspan vir die FIH Nasiesbekerkompetisie.

Brett Horn, Viwe Mbata, Daniel Neuhoff, Ozair Pillai, Ross Montgomery, Daniel Dillon en Matthew Mendes de Oliveira (mans), asook Caylin Maree, Jenna Blaauw, Tara Pakendorf, Ifeoma Ndubueze en Richele Norval (vroue) is in Suid-Afrika se o.21-spanne opgeneem. Richelle en Tara is ook gekies om aan die Juniorwêreldbeker deel te neem. Rylan Bombosch het Namibië op o.21-vlak verteenwoordig, terwyl Joey Baylett Frankryk op o.21-vlak verteenwoordig het.








# Netbal

Die Maties-netbalspelers (onder links) Renezia Andrews, Lisa Ingwersen en Zahrah Noah is gekies vir die SA o.21-span (Baba-Proteas) om aan die Netbalwêreldjeugbeker in Gilbraltar deel te neem. Die SPAR Baba-Proteas is die eerste SA o.21-span wat die halfeindstryd van die Netbalwêreldjeugbeker bereik het. Hulle het uiteindelik vierde geëindig.

Maties Netbal se spankaptein Syntiche Kabuya is gekies vir die nasionale SPAR Proteas-span wat aan die Vitality Nasiesbeker in Londen deelgeneem het, terwyl Kristen McGregor, Zahrah Noah en Lara Ehlers gekies is vir die nasionale o.19-span wat Suid-Afrika by die Streek 5 Jeugspele in Namibië verteenwoordig het. Maties Netbal se hoofafrigter, Sasha-lee Petersen, het die nasionale span as die assistentafrigter bygestaan (bo links).



*Grant de Jager, Joel Leotlela en Ezekiel Ngobeni*



*Shanidine Bezuidenhout*



*Herman Lubbe, Oliver Reid, Zuka Poswa*



*Riley Norton*

# Rugby

Maties Rugby het die Universiteit Stellenbosch, Maties Sport en die nasie trots gemaak met nog spelers wat as Springbokke gekies is, wat die totale syfer vir Maties Rugby na 187 neem.

Die Junior Bokke het die o.20 Wêreldrugbykampioenskap gewen. Vier Maties Rugby-studente-atlete het aan die kompetisie deelgeneem – Herman Lubbe, Oliver Reid, Zuku Poswa en Riley Norton, 'n EBW-studente-atleet in sy eerste jaar, wat die kaptein van die span was.

Lede van Maties Rugby se seniormanspan – Grant de Jager, Joel Leotlela en Ezekiel Ngobeni – is gekies vir die SA Sewesakademie vir 'n toer na Mauritius, en De Jager en Leotlela is ook gekies vir die Doebai-akademiegroep.

Oliver Reid, 'n BCom Bestuurswetenskappe-student in sy tweede jaar, het sy debuutverskyning vir die Stormers gemaak.

'n Lid van Maties Rugby se seniorvrouespan, Shanidine Bezuidenhout, is opgeroep na die Vrouesewesakademie – 'n fantastiese prestasie as 'n studente-atleet. Nadat sy deel was van die span wat die Varsity-netbalkompetisie gewen het, het sy van sportkode verander en by die vrouerugbyprogram aangesluit.

Daar is tans meer as 50 Maties Rugby-alumni wat oorsee speel in die VRK-, Top14-, Rugbypremierskap- en Europese Uitdaagbekerkompetisie. Uitstaande alumni vir 2025 sluit in Aimee Barrett-Theron wat as skeidsregter opgetree het by die Vrouerugbywêreldbeker in Engeland en David Brits vir sy Blitsbokke-vertoning.

# 5 Toppresteerders op nasionale en streeksvlak

*Coetzenburg-sportgronde is dalk Maties-studente-atlete se tuiste, maar in 2025 het 163 Maties op nasionale en provinsiale platforms deelgeneem.*




## Sokker

Maties Sokker se manspan het die Bevorderingsliga 2024/2025 gewen, asook die uitspeelronde vir bevordering na die Hollywood Bets-liga. Die Premierligaspan het hul liga gewen en is na die Bevorderingsliga bevorder.

Maties Sokker se vrouespan in die B-afdeling het 'n bronsmedalje verower in die USSA-kompetisie, en Astria Boks was die topdoelskieter van die toernooi met 11 doele.

## Verteenwoordiging

| | Junior provinsiaal | Junior nasionaal | Senior provinsiaal | Senior nasionaal |
|---|---|---|---|---|
| Atletiek | 8 | 7 | 8 | 3 |
| Pluimbal | 9 | - | - | - |
| Basketbal | 4 | - | - | - |
| Rasieleiers | - | - | 6 | - |
| Skaak | - | - | - | 2 |
| Krieket | - | - | 1 | - |
| Skerm | 4 | - | 9 | - |
| Hokkie | 22 | 10 | - | 3 |
| Netbal | 1 | - | - | - |
| Parasport | - | - | 19 | 3 |
| Roei | - | - | 2 | - |
| Rugby | 13 | 4 | 5 | - |
| Muurbal | 1 | - | 3 | - |
| Swem | - | 2 | - | 7 |
| Tafeltennis | 2 | - | - | - |
| Waterpolo | - | - | 2 | 2 |
| | 64 | 23 | 56 | 20 |

# USSA-medaljes 2025

## 14 Brons

| | |
|---|---|
| **Pluimbal** | **Individuele afdeling Uitslae:**<br>Mansenkels<br>Gemengde dubbels |
| **Basketbal 3x3** | Vroue |
| **Golf** | Houespel |
| **Golf** | Putjiespel |
| **Roeibootresies** | Mans |
| **Roeibootresies** | Vroue |
| **Snelroei** | **Mans B:**<br>MB1x<br>MB2-<br>MB4-<br>MB4+<br>**Vroue:**<br>WB4-<br>WB1x |
| **Muurbal** | A-span |

## 19 Goud

| | |
|---|---|
| **Pluimbal** | **Individuele afdeling Uitslae:**<br>Mansdubbels<br>Mansenkels<br>Vrouedubbels |
| **Krieket** | Mans |
| **E-sport** | USSA |
| **E-sport** | Varsity Sports |
| **Hokkie** | Vroue - USSA |
| **Netbal** | B-span |
| **Snelroei** | **Manspan A:**<br>MA2<br>MA2x<br>MA4-<br>MA4x<br>MA8+<br>Vroue:<br>WD1x |
| **Rugby** | Vroue – Varsitybeker |
| **Tafeltennis** | **Mans:**<br>Spanitem<br>Mansdubbels |
| **Waterpolo** | Mans<br>Vroue |

## 15 Silwer

| | |
|---|---|
| **Pluimbal** | **Individuele afdeling Uitslae:**<br>Gemengde dubbels<br>Vrouedubbels |
| **Basketbal** | Mans<br>Vroue |
| **Hokkie** | Mans |
| **Roeibootresies** | Vroue B-span |
| **Snelroei** | **Mans B-span:**<br>MA2<br>MB8+<br>Vroue:<br>WB2x<br>WB4x<br>WB8+ |
| **Rugby** | Mans-15's |
| **Muurbal** | B-span |
| **Swem** | Mans<br>Vroue |

# Krieket

Lehan Botha het van die mees merkwaardige individuele prestasies van die jaar behaal. Eers het hy 'n uitmuntende vertoning in die Krieket SA T20-finaal gelewer, wat bewys het dat hy gereed is vir professionele krieket onder groot druk. Hy het dit die volgende dag opgevolg met 'n indrukwekkende 160 lopies in die USSA-krieketkompetisie. Hy was dus 'n waardige ontvanger van Maties Sport se Sportman van die Jaar-toekenning.

'n Ander Maties-krieketspeler, Gysbert Wege, het 'n kontrak geteken vir die SA20-liga, terwyl Ross Boast sy professionele debuut vir die Free State Knights gemaak het. Hy het vyf paaltjies in sy eerste wedstryd geneem en is as speler van die wedstryd aangewys.






# E-sport

Met groeiende lidmaatskapgetalle en vaardighede het Maties E-sport die eerste Varsity E-sportkompetisie gewen, en ook koning gekraai in die USSA-toernooi. Die klub het agt spanne vir die Varsity E-sportkompetisie ingeskryf, waaronder 'n span wat net uit vroue bestaan het. Die Rocket League A-span was onoorwonne vir die vierde agtereenvolgende jaar.



*Maties Tafeltennis se span: Steffan Brundyn, DJ Swanevelder, Le Roux Strydom en Duwayne Peterson*



*Maties Seil se A- én B-span het goud verower in die USSA-kompetisie. Klublidmaatskap het met 63% gegroei, waarvan 60% vroue is.*



*Die Maties Hokkie-manspan wat die liga gewen het*



*Die Maties Hokkie-vrouespan wat USSA gewen het*

# Rugby




In 2025 het 20 Maties-rugbyspelers DHL WP in die o.19-, o.21- en Curriebeker-kompetisie verteenwoordig. Sarah Krone (links) en Juan-Mari du Plessis (regs) was deel van die DHL WP-vrouespan wat die nasionale o.20-toernooi gewen het. Sarah het as spankaptein gedien.

Maties Rugby se vrouespan, wenners van die eerste Varsitybeker-kompetisie vir vroue in 2023, het hierdie titel weer in 2025 verower.




# Basketbal BNL-kampioene

*Afrigter Nathaly September by Lisa Jassy, Ingrid Tredoux, Shiloh Hamidi en Leah Faurholm*



Die afrigter van Maties Basketbal se vrouespan, Nathaly September, en Maties se vrouebasketbalspelers Lisa Jassy, Ingrid Tredoux, Shiloh Hamidi en Leah Faurholm was die kampioene in die BNL-streekskampioenskap.

Leah is as 2025 BNL Nuweling van die Jaar aangewys en Nathaly is as die Afrigter van die Seisoen aangewys vir die Western Cape Mountaineers se vierde agtereenvolgende titel as BNL-vrouekampioene.

Maties Basketbal se mans- en vrouespan het ook albei silwermedaljes huis toe gebring van die USSA 5x5-kampioenskap af. Maties Basketbal het gevorder van naaswenners in die B-afdeling in 2023 tot finaliste in die A-afdeling in 2024 en 2025.

# 6 Ons beloon Uitnemendheid

> *Maties Sport het die uitnemendheid van hul studente-atlete by die 50e Maties Sport-toekenningsgalageleentheid gevier.*

Maties Hokkie se Daniella Mendes de Oliveira (Hons BRek) het die Sportvrou van die Jaar-toekenning ontvang. Daniella is as die 2025 SA Senior Nasionale Binnenshuise Hokkiespeler van die Jaar aangewys, het haar eerste buitewedstryd vir die SA Nasionale Vrouespan gespeel by die Nasiesbeker in Pole (Februarie 2025), het die Westelike Provinsie op seniorvlak verteenwoordig en bygedra tot hul gouemedaljeoorwinning by die senior interprovinsiale toernooi, en was die kaptein van die Maties-span wat die 2025 USSA-hokkietoernooi gewen het, waar sy ook die topdoelskieter en speler van die toernooi was.

Die ontvanger van die Sportman van die Jaar-toekenning was Lehan Botha (krieket), wat vir die vyfde keer as Maties se kaptein opgetree het by die USSA-kriekettoernooi in Bloemfontein. Sy uitmuntende prestasie het daartoe gelei dat hy as die kaptein van die Suid-Afrikaanse universiteitkrieketspan verkies is. Hierdie nagraadse student het die Boland Colts in sowel die driedag- as 50 beurte-kompetisie aangevoer, en hy was Boland se toplopiemaker in die driedaagse formaat, en derde algeheel op nasionale vlak. Sy konsekwente vertoning het gelei na 'n professionele kontrak met Boland, en hy het sy eerste verskyning in die T20- én 50 beurte-kompetisie gemaak, en die provinsie in die finaal verteenwoordig. By Krieket SA se franchise-akademieweek het hy 131 van 147 balle (13 viere, 5 sesse) aangeteken vir die World Sports Betting Cape Cobras.

Simoné Kruger, 'n Sportwetenskapstudent in haar eerste jaar en 'n Maties Atletiek-ster, is as die Sportvrou van die Jaar (Parasport) aangewys. Sy het goud verower en sowel die Afrika- as die Suid-Afrikaanse rekord vir diskus gebreek by die Para-atletiek Grand Prix-Oloumouc in Tsjeggië. Sy het ook goud gewen in die gewigstootitem. Daarbenewens het sy die Afrika Unie se streeksporttoekenning in Zimbabwe ontvang, sowel as Suid-Afrika se 2025 Junior Sportster van die Jaar- en 2025 Sportvrou van die Jaar met 'n Gestremdheid-toekenning. In September het sy haar wêreldtitel verdedig by die Wêreldkampioenskap vir Para-atletiek in Indië, waar sy weer eens 'n goue medalje in die diskusitem verower het.

Maties Hokkie se vrouespan is as die Span van die Jaar aangewys te danke aan 'n hoë vlak van administratiewe doeltreffendheid, leierskap en mededingende prestasie op sowel 'n hoëronderwys- as gemeenskapligavlak in 2025 – van noemenswaardige borgskappe en goed ondersteunde toernooie, tot nasionale spankleure en groot sukses by die USSA-kompetisie. Die Maties-hokkieklub is ook as die Klub van die Jaar aangewys.

Volle kleure is toegeken aan 40 studente-atlete wat Suid-Afrika en USSA in verskeie kodes verteenwoordig het, waaronder hokkie, rugby, netbal, basketbal, atletiek, parasport, tennis, roei, gimnastiek en waterpolo.

Altesame 29 studente-atlete het toekennings as akademiese presteerders ontvang omdat hulle 'n gemiddelde van 75% of hoër gehandhaaf het terwyl hulle in hul onderskeie sportkodes uitgeblink het.






***Prof. Deresh Ramjugernath, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, oorhandig toekennings aan Daniella Mendes de Oliveira (bo links), Simoné Kruger (bo regs), en afrigter Ryan Bailey namens Lehan Botha (onder links). Maties Hokkie met die Span van die Jaar-toekenning, oorhandig deur Yaseen Mack van Pro Events.***






# Rektorstoekennings **vier uitnemende studente-atlete**

Vyf Maties Sport-studente-atlete het 'n Rektorstoekenning vir Uitnemende Prestasie in leierskap, kultuur, sport en sosiale impak ontvang, gekombineer met akademiese uitnemendheid.

Die ontvangers was Daniella Mendes de Oliveira (hokkie), Jason Andrew Fogle (tennis), Merwe Engelbrecht (roei), Ehros Smith (roei) en Armand Johannes Samuel Combrinck (rugby).



# 7 ’n Florerende studente-ervaring deur sport

*Maties Sport, wat in 2025 ’n totaal van 29 sportkodes aangebied het wat hoëprestasie-, mededingende en rekreasiesport insluit, bied steeds aan die Universiteit Stellenbosch-gemeenskap ’n uitstekende en goed bestuurde omgewing waarin studente op die sportveld én in die klaskamer kan uitblink.*

*Ons bedien meer as 3 061 klubgeregistreerde studente-atlete deur ’n inklusiewe program wat persoonlike en leierskapopleiding in ag neem, graduandi-eienskappe en -waardes kweek, en transformasie en groei dryf in ooreenstemming met die Universiteit se strategiese doelwitte.*

## Kampussport

Kampussport is ’n kernkomponent van die studentelewe by die Universiteit Stellenbosch – ’n jaar lange kompetisie tussen studente in koshuise en privaatwyke.

Die tradisie van Kampusrugby is al ouer as ’n eeu. In 2025 het 825 spelers deelgeneem en altesame 381 drieë en 217 doelskoppe opgedis tot die toeskouers se vreugde. Die kompetisie het ongeveer 1 500 toeskouers per geleentheid gelok, met derbydag en die eindstryde wat deur tot 4 500 aanhangers ondersteun is.

Hierdie jaar se wenners was Helshoogte 1 (1e liga), Elsenburg 2 (2e liga), en Huis Marais 3 (3e liga). Wilgenhof/Oude Molen het die o.20-kompetisie gewen, en Elsenburg het koning gekraai in die 10’s-kompetisie.



## Platinum-sertifisering as ’n gesonde kampus

Die Universiteit Stellenbosch het hul platinum-sertifisering as ’n gesonde kampus, wat in 2024 vir die eerste keer deur die Federasie van Internasionale Universiteitsport (FISU) toegeken is, behou. Die FISU Gesonde Kampus-inisiatief is ’n globale inisiatief wat ’n gesonde leefstyl op kampusse wêreldwyd bevorder. Maties Sport het 93% in die 2025-gradering ontvang.

# Kampussport-aande

Kampussport-aande ("Bumper nights"), 'n viering van prettige rekreasiesport onder spreiligte, is in 2025 vir die derde jaar aangebied en bied steeds aan alle studente die geleentheid om 'n aktiewe lewenstyl na te streef.

Daar was 'n toename in belangstelling in ons Kampussport-"minifeeste" wat ses aande in die jaar by Coetzenburg aangebied is en 'n veilige ruimte vir spelers en ondersteuners bied. Die sportkodes, waaronder hokkie, sokker, e-sport, netbal, basketbal, Ultimate Frisbee, krieket, waterpolo, skaak, vlugbal, tafeltennis en swem, het meer as 4 500 deelnemers gelok.



*Eerstejaarstudente is getrakteer met pret en speletjies by die jaarlikse Verwelkomingsfees om Maties Sport se aanbod in hoëprestasie-, mededingende en rekreasiesportkodes ten toon te stel.*

## Akademiese sukses Maties Sport HP-/US-vergelyking

| | 2025 HP | 2025 US |
|---|---|---|
| Geslaag | 84% | 86% |

## Verspreiding van HP-studente-atlete volgens studiejaar 2025

**106** Eerstejaarstudente

**14** Nagraadse diploma/sertifikaat

**16** Honneurs

**1** Doktorsgraad

**257** Studente in ander jare

**2** Nagraadse B-graad

**14** Meesters

**410** Totaal

## Maties Sport-beurstoewysing

| Sportkode | Totale aantal beurse | Totaal Mans | Totaal Vroue | Totaal BSIA | Totaal Wit |
|---|---|---|---|---|---|
| Atletiek | 10 | 3 | 7 | 4 | 6 |
| Watersport | 10 | 8 | 2 | 3 | 7 |
| Basketbalvroue | 20 | 0 | 20 | 12 | 8 |
| Basketbalmans | 21 | 21 | 0 | 10 | 11 |
| Mededingende kodes | 31 | 19 | 12 | 19 | 12 |
| Krieket | 16 | 16 | 0 | 13 | 3 |
| Sokkervroue | 22 | 0 | 22 | 13 | 9 |
| Sokkermans | 21 | 21 | 0 | 18 | 3 |
| Hokkievroue | 25 | 0 | 25 | 11 | 14 |
| Hokkiemans | 24 | 24 | 0 | 13 | 11 |
| Netbal | 29 | 0 | 29 | 8 | 21 |
| Rugbyvroue | 28 | 0 | 28 | 16 | 12 |
| Rugbymans | 63 | 63 | 0 | 28 | 35 |
| **TOTAAL** | **320** | **175** | **145** | **168** | **152** |

## Totale aantal graduandi volgens fakulteit

**2** Agriwetenskappe

**10** Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**6** Onderwys

**13** Wetenskap

**54** TOTAALt

**16** Lettere en Sosiale Wetenskappe

**1** Ingenieurswese

**4** Mediese en Gesondheidswetenskappe

**2** Teologie

## Totale aantal graduandi volgens sportkode

**2** Watersport

**8** Basketbal

**10** Sokker

**2** Netbal

**2** Atletiek

**6** Krieket

**13** Hokkie

**11** Rugby

# 8 Volhoubare Besigheidsmodel

*Maties Sport het voortgegaan om hul kommersiële model in 'n gestruktureerde, waardegedrewe ekosisteem te ontwikkel wat institusionele doelwitte in ooreenstemming bring met volhoubare inkomstegenerering. Die voortgesette fokus is op langtermynvennootskappe, volhoubare inkomstegroei en meetbare opbrengs op verdienste vir die instelling en hul vennote.*

**Die kommersiële benadering by Maties Sport is op drie kernpilare gebou:**

## 1. Geïntegreerde borgskappe en regte

Maties Sport se verpakking het geskuif van gefragmenteerde, kodespesifieke borgskappe na 'n gesentraliseerde kommersiële raamwerk, wat die volgende verseker: konsekwente valuasie van regte vir alle sportkodes; beskerming van institusionele handelsmerkekwiteit; en skaleerbare vennootskapgeleenthede op verskeie platforms (Varsitybeker, Kampussport, geleenthede, digitaal).

**Hierdie model bied aan vennote die geleentheid om toegang tot verskeie lae blootstelling te verkry, waaronder:**

- Uitsending- en stromingsigbaarheid
- Handelsmerkblootstelling, aktiverings en gasvryheidsgeleenthede in die stadion
- Reikwydte op digitale en sosiale media
- Direkte studente- en alumnibetrokkenheid

## 2. Venue- en geleentheidkommersialisering

Sleutelbates soos die Danie Craven-stadion en groot geleenthede (bv. Varsitybeker, Kampusrugby, nasionale toernooie) word as kommersiële platforms geposisioneer, en nie bloot net sportgeleenthede nie. Dit sluit in: naamregte en hoofborgskapgeleenthede, wedstryddagaktiverings en ervaringsbemarking; en huurder- en kleinhandelintegrasie (bv. Inkopiesentrumvennootskappe, e-sportgeleenthede).

## 3. Beurs- en impakgedrewe befondsing


'n Noodsaaklike komponent van die model is die integrasie van beursgekoppelde borgskappe, wat verseker dat kommersiële inkomste die volgende direk ondersteun: toegang vir en insluiting van studente-atlete; volhoubaarheid van die hoëprestasieprogram; en akademiese sukses tesame met sportuitnemendheid.

Dit bring kommersiële aktiwiteit in ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se breër mandaat van studente-ontwikkeling en -transformasie.

### Finansiële oorsig

- Borgskapbydraes: R12 m.
- Totale begrotingteiken vir 2026: R15 m.
- Beursbefondsing ontvang: R7,89 m., 48% van teiken oor
- % van inkomste gelei na HP-studente-ondersteuning: 30%
- % van inkomste gelei na bedryfsuitgawes (indirekte impak op studente-ondersteuning): 70%

### Beurstoewysing



# 9 Betekenisvolle Vennootskappe



## Integrasie van sport, onderrig en sosiale impak



*Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport, prof. Mbulungeni Madiba, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, en prof. Nicola Smit, waarnemende Bedryfshoof van die US*

Die Universiteit Stellenbosch (US) het die betekenisvolle besluit geneem om sport, onderrig en sosiale impak te integreer deur 'n nuwe vennootskap tussen Maties Sport en die Fakulteit Opvoedkunde.

Die memorandum van verstandhouding formaliseer die samewerking met die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI) as implementeringvennote.
Hierdie strategiese belyning skep 'n gedeelde raamwerk vir navorsing, onderrig en kapasiteitsbou, terwyl dit die US se posisie as denkleier in die globale diskoers oor sport vir ontwikkeling en onderrig versterk.

Die verskillende eenhede beoog om gesamentlike inisiatiewe te lewer om hoë-impaknavorsing, nagraadse toesig en strategiese projekte oor bestuur, sosiologie en opvoedkunde heen te lewer.

## GAPS Afrika

Maties Sport se vennootskap met die GAPS Afrika-inisiatief (die Engelse akroniem vir Gather, Adjust, Prepare, Sustain) gaan voort, in noue samewerking met Statebondspeleverenigings and nasionale Paralimpiese komitees in Afrika sedert 2019, en het onlangs 'n hernuwingsmemorandum van verstandhouding vir 10 jaar geteken met die Statebondspelefederasie se GAPS Afrika-program.

In Julie 2025 het vriende van GAPS interaksie gehad met 38 atlete en afrigters van 13 Statebondspeleverenigings vir 'n week lange GAPS Afrika-kamp in Stellenbosch. Die kamp het daarop gefokus om atlete en afrigters se vaardighede te verbeter ter voorbereiding van die Para-atletiek en Para-kragoptelitems in Glasgow in 2026. Die GAPS-inisiatief is 'n kampvegter vir gelykheid, insluiting en geleenthede vir para-atlete en afrigters uit Statebondnasies wat hulpbronuitdagings ondervind en wat in die verlede onderverteenwoordig was by die Statebondspele.



Reggie Smith, Hoof: Sportbestuur, Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport, Sean Surmon, Maties Sport-direkteur, en Andy de Bruin, Maties Sport: Finansies, het Soha Kadhim (voor regs) van Lund Universiteit, Swede, verwelkom. Soha was deel van 'n personeelontwikkelingsuitruilprogram tussen die Universiteit Stellenbosch en Lund Universiteit.

# 10 Navorsing vir impak




> *Die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI) en die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) by Maties Sport verskaf 'n diverse, internasionale navorsing- en akademiese netwerk.*

Die SSL en SASOSSI versterk hul navorsingsvoetspoor deur hul 2025 publikasieportefeulje (132 publikasies) in samewerking met ons navorsinggenote en vennote uit te brei.

**Die navorsing is geanker in vier sleutelfokusgebiede:**

- Sport, ontwikkeling en Olimpiese studies
- Onderrig
- Sportbedryf en -bestuur
- Gesondheid

Saam wys hierdie uitsette ons verbintenis tot globaal relevante, interdissiplinêre navorsing wat aandag gee aan die behoeftes van die samelewing in Suid-Afrika en Afrika, met 'n spesifieke fokus op sosiale impak, kapasiteitsbou en transformasie. Deur hierdie versameling werk posisioneer die SSL en SASOSSI hulself as leiers in sportnavorsing en dra hulle by tot kennis, beleid en praktyk in die sportekosisteem.

Die strategie vir albei sentrums is om meer aandag aan die medeskepping van kennis te gee om die globale Noord-Suid-skeiding te oorbrug deur samewerkende teoriebou en navorsing. Hulle wil ook 'n netwerk van universiteite in Afrika skep vir samewerkende werk onder die vaandel van die Afrika Unie. Dit het al in suidelike Afrika begin, en sal doelbewuste navorsing met impak, teoriebou en toekenningtoewysings dryf, onder leiding van die Universiteit Stellenbosch.

## Lewe ná sport

Ter ere van Vrouedag het SASOSSI 'n regstreekse geleentheid en webinaar aangebied om die kompleksiteite van die lewe duskant die podium te bespreek. Dit is bygewoon deur verteenwoordigers van universiteitsportadministrasies, akademici en hoëprestasie-studente-atlete.

Prof. Cora Burnett, senior navorser by SASOSSI, Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport en medeleier van Maties se Sentrum vir Sportleierskap, Elmien Cloete, Direkteur van Sport by die Universiteit van die Wes-Kaap, Mark Bashe, Senior bestuurder van Sport by die Universiteit van Kaapstad, Simoné Kruger, internasionale Paralimpiese medaljewenner en eerstejaarstudent; Bianca Augustyn, voormalige Springbok-sewesspeler en huidige assistentafrigter van Maties se vrouerugbyspan, en Koketso Nelly Mamobolo, Banyana Banyana- en UWK-sokkerspeler, het waardevolle insigte gedeel.



# 11 Ons verbind met ons gemeenskappe

Maties Sport het hul digitale voetspoor verder uitgebrei in 2025 deur sosialemediaplatforms te gebruik om oor sportprestasies verslag te doen, met ondersteuners interaksie te hê, en die dinamiese sportkultuur van die Universiteit Stellenbosch ten toon te stel.

In 2025 het Maties Sport se sosialemediaplatforms 'n gekombineerde gehoor van +31 000 volgers bereik, met +5 000 volgers wat oor platforms heen bygevoeg is. Instagram het die sterkste groei getoon, wat die doeltreffendheid bewys van visuele en kortformaatinhoud om universiteitsport te bemark. Ons het deur die loop van die jaar 'n sterk publiseringteenwoordigheid behou en 3 835 plasings oor ons digitale platforms heen geskep.

Die sosialemediakanale het ook as belangrike kommunikasienutsgoed tussen die instelling en hul gehoor gedien.

Video-inhoud het steeds 'n belangrike rol in Maties Sport se digitale strategie gespeel en het +1 miljoen videokyke deur die jaar gegenereer. Dit bly die doeltreffendste manier om wedstrydoomblikke, sportsterprestasies en ervarings agter die skerms uit te lig.

Met deurlopende inhoudskepping en aktiewe gemeenskapbetrokkenheid stel Maties Sport die prestasies van hul studente-atlete ten toon en bevorder hulle 'n dinamiese sportkultuur by die Universiteit Stellenbosch.

## Hoogtepunte van digitale impak in 2025

- **31 216** Totale sosialemediagehoor
- **5 209** Nuwe volgers wat in 2025 bygevoeg is
- **14 982 132** Totale indrukke oor platforms heen
- **405 027** Totale gehoorbetrokkenheid
- **1 129 836** Totale aantal videokyke
- **3 835** Plasings gepubliseer

## Platformgehoorontleding

- **Facebook** 15 698 volgers met 'n netto groei van +2 062.
- **Instagram** 11 837 volgers met 'n netto groei van +3 081.
- **X (Twitter)** 3 681 volgers met 'n netto groei van +66.

## Uitbreiding van Maties Sport se digitale sigbaarheid

- **Instagram** 10 786 375 indrukke
- **Facebook** 4 123 242 indrukke
- **X** 72 515 indrukke

## Boodskappe ontvang

- **Totale aantal boodskappe** Altesame 7 747 boodskappe ontvang.
- **Instagram-boodskappe** 5 602 boodskappe ontvang op Instagram.
- **Facebook-boodskappe** 1446 boodskappe ontvang op Facebook.
- **X-boodskappe** 699 boodskappe ontvang op X.

## Videokyke op alle platforms

| Platform | Kyke |
|---|---|
| Instagram Reels | 876 910 |
| Facebook | 251 661 |
| X | 1 265 |

## Betrokkenheid

Maties Sport het +400 000 interaksies oor hul digitale platforms heen ontvang, met 'n totale betrokkenheidkoers van 2,7% per indruk.

**R74 552 486**
Advertensiewaarde-ekwivalent

**140 229 998**
Potensiële reikwydte

## Interaksies op Maties Sport se digitale platforms

| | Interaksies | Betrokkenheidkoers |
|---|---|---|
| Facebook | 227 049 | 5.5% |
| Instagram | 173 137 | 1.6% |
| X | 4 841 | 6.7% |

## Reikwydte en sigbaarheid

Maties Sport-inhoud het +14 miljoen indrukke in die verslaggewingtydperk bereik, wat die digitale sigbaarheid van Maties-spanne en -sportgeleenthede beduidend uitgebrei het.

# 12 Voorkeurwerkgewer

## Erkenning aan Maties Sport-staatmakers

Karen Swart en Danvil Brown het langdienstoekennings by die Universiteit Stellenbosch ontvang vir hul lang en navolgenswaardige diens – 25 jaar!
Karen se reis by Maties Sport het in 2000 begin toe sy aangestel is as sportbestuurder van die netbalklub. In 2023 het sy die geleentheid aangegryp om veelvuldige sportklubs te bestuur, met 'n duidelike fokus om die waardeproposisie van Maties Roei, Seil, Tennis, Gholf en Kanovaart uit te brei en te verbeter. Sy het in die laaste paar jaar 'n waardevolle rol gespeel om volhoubare en suksesvolle bedryfsplanne vir al vyf klubs te implementeer. Te danke aan haar leierskap is sterk samewerking met sportklubkomitees gevestig, en sy is daartoe verbind om 'n diverse studente-ervaring te lewer.



*Ilhaam Groenewald, Hoofdirekteur van Maties Sport, by Danvil Brown en Karen Swart*

Danvil Brown se pa, Alec ("Pondjie"), het jare lank by Maties Sport gewerk, en deur hom het ons Danvil as 'n jong seun leer ken wat altyd aan sy pa se sy was en hom by Maties Rugby gehelp het. Hy het in Januarie 2000 sy eie reis by Maties Sport begin toe hy as 'n administratiewe assistent aangestel is. Sy gretigheid om te leer het daartoe gelei dat hy verskeie kursusse voltooi het om sy kennis uit te brei, en hy dien nou in Maties Sport se finansiesafdeling. Sy bereidwilligheid om meer as sy plig te doen – dikwels ná gewone werksure – en sy vriendelikheid is 'n ware bate vir ons omgewing.

## Welkom aan die hoofafrigter van die vrouesokkerspan, Kamaal Sait

Kamaal Sait, 'n voormalige Santos-, AmaZulu en Orlando Pirates-speler, het by Maties Sport aangesluit as die vrouesokkerspan se hoofafrigter.

Kamaal het ná sy speelloopbaan oorgeskakel na afrigting en het 'n CAF A-lisensie as 'n afrigteropvoeder verdien. Hy is daartoe verbind om die vrouespel in Suid-Afrika, en spesifiek by Maties Sport, te bevorder.

Ons sien uit daarna om die implementering van sy afrigtingsfilosofie om 'n kampioenspan te skep, te aanskou.



*Zukhanye Magwa, Reggie Smith, Ilhaam Groenewald, Andy de Bruin en Sean Surmon verwelkom Kamaal Sait.*

# Maties-toekennings vir uitnemende personeel

Die jaarlikse Maties Sport-toekennings vier studente-atlete en afrigtingspersoneel wat uitstekend gevaar het in die jaar.

In 2025 het Nathaly September (basketbal) die Afrigter van die Jaar-toekenning vir hoëprestasiesport ontvang, terwyl Graham Hood (roei) as Afrigter van die Jaar vir mededingende sport aangewys is.

Nathaly het Maties Basketbal se vrouespan in hul debuutseisoen na 'n finaal in die USSA A-afdeling gelei en het ook die Cape Town Mountaineers na 'n vierde BNL-kampioenskaptitel geneem.

Te danke aan Graham het Maties Roei in 2025 verskeie eerstes behaal: 'n rekordaantal mans vir die USSA "Blues and Grudge" en 'n derde plek in die jaarlikse Universiteitbootresies in 2025. Hy was ook die assistentafrigter van vyf roeiers wat Suid-Afrika verteenwoordig het.



*Prof. Deresh Ramjugernath, Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, by Graham Hood, Maties Roei se afrigter*



*Sean Surmon, Maties Sport-direkteur, en Nathaly September, Maties Basketbal se afrigter.*

## Verteenwoordig Maties Sport internasionaal

Diens is ingebed by die Maties Sport-kultuur en die volgende personeellede speel belangrike rolle in die USSA-leierskap: (van links) Maties Sport-direkteur Sean Surmon (hoof- finansiële beampte, USSA-NUK), hoofdirekteur van Maties Sport, Ilhaam Groenewald (US-verteenwoordiger), hoëprestasiebestuurder Keagan van Aarde (USSA Krieket), en US-studenteverteenwoordiger Alok Moore.



# ERKENNING:

| | |
|---|---|
| **Inhoud:** | Jamie Wyngaardt en Maties Sport |
| **Foto's:** | Maties Sport |
| **Redakteur:** | Trisha Bam |
| **Vertaling in Afrikaans:** | Pia Nänny |
| **Infografika:** | Nado Graphics |
| **Ontwerp en uitleg:** | Nado Graphics |

Maties Sport

@matiessport

@MatiesSport

Maties Sport

@matiessport



**NEEM 'N TOER VAN ONS COETZENBURG-SPORTVELDE:**

Skandeer hier om te kyk